# KINDERKERK LES: Jesaja

**Doel van les:**

Ons gesels oor vreemde opdragte in die Bybel.  Dit is ‘n eksamenles oor die vreemde opdrag wat Jesaja gekry het van God.

**Aktiwiteit 1: Teken ‘n prentjie:**  Gee vir elke kind ‘n blaai, gem en backing board.  Hulle moet nou ‘n prentjie teken op hulle koppe soos wat jy instruksies gee.  Teken gras.  Teken ‘n huis op die gras.  Teken twee vensters op die huis.  Teken ‘n deur.  Teken ‘n hond buite die huis.  Teken ‘n boom.

**Sê:**  Kom ons kyk wie het mooi geluister na wat ek julle gevra het om te doen.  Laat kinders prentjies vir mekaar wys.

Vanaand gesels ons dan heel laaste van Jesaja en iets baie snaaks wat die Here vir hom gesê het om te doen.  Die Here het vir Jesaja wat ook ‘n profeet was, gesê om vir drie jaar sonder klere te loop.  Ja, hy moes kaal rondloop!  Hoekom dink julle?

Kom ons gaan gou ‘n speletjie speel, dan gaan ek julle vertel hoekom.

**Aktiwiteit 2: Logo raai:**  Wys vir kinders verskillende eenvoudige logos en vra hulle wat dit vir hulle beteken.

Net soos hierdie tekens vir ons iets vertel, moes Jesaja deur kaal te loop vir die mense van Egipte en Ethiopië ‘n teken wees om hulle te laat dink aan God se woorde en hoe God hulle waarsku dat ‘n ander koning hulle gevangenis gaan neem elke keer wat hulle Jesaja gesien het.

Groepe sluit af met gebed.